Rus verseker

# PERSOONLIKE ONGEVALLE POLIS

## POLISBEWOORDING



Ja, dit ís 'n gevaarteken.
En hierdie is jou persoonlike ongevalle polisbewoording wat jou sal help om te verseker dat 'n lewensveranderende persoonlike of padongeluk nie noodwendig jou lewenstyl hoef te verander nie.

Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

# INHOUD


| | BLADSY |
|---|---|
| BASIESE DEKKING | 3 |
| OPSIONELE DEKKING | 7 |
| BEPALINGS EN VOORWAARDES | 11 |
| UITSONDERINGS | 21 |
| OMSKRYWINGS | 25 |

# BASIESE DEKKING



Ja. Dit ís 'n trapleer.
En hierdie is versekering.
Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

santam
Rus verseker

## BASIESE DEKKING

### 1. *DOOD* EN/OF *PERMANENTE ONGESKIKTHEID*

*Ons* betaal vergoeding vir *jou* toevallige *dood* en/of *permanente ongeskiktheid* wat binne 12 maande na 'n *ongeval* of *padongeluk* regstreeks deur *liggaamlike besering* veroorsaak word.

### 2. DEKKINGSOPSIES

*Ons* vergoeding hang af van die soort dekking en die vergoedingsperk van *jou* keuse soos in die *Bylae* genoem word. Die soorte dekking word hieronder uiteengesit:

**2.1 Omvattende *ongevalle* (*Individuele opsie*)**
As *jy* hierdie opsie gekies het, dek *ons jou liggaamlike besering* wat deur 'n *ongeval* veroorsaak is. 'n *Ongeval* is 'n spesifieke, herkenbare, onverwagte en onbedoelde gebeurtenis wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

**2.2 Omvattende *ongevalle* (*Gesins opsie*)**
As *jy* hierdie opsie gekies het, dek *ons liggaamlike besering* aan *jou* en aan enige van die persone in die *Bylae* genoem, wat deur 'n *ongeval* veroorsaak is. 'n *Ongeval* is 'n spesifieke, identifiseerbare, onverwagte en onbedoelde gebeurtenis wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

**2.3 *Padongeluk* (*Individuele opsie*)**
As *jy* hierdie opsie gekies het, dek *ons jou liggaamlike besering* wat deur 'n *padongeluk* veroorsaak is. 'n *Padongeluk* is 'n padverkeer gebeurtenis wat ontstaan vanuit of veroorsaak is deur die bestuur van 'n *motorvoertuig* deur enige persoon op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika en wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

**2.4 *Padongeluk* (*Gesins opsie*)**
As *jy* hierdie opsie gekies het, dek *ons liggaamlike besering* aan *jou* en aan enige van die persone in die *Bylae* genoem, wat deur 'n *padongeluk* veroorsaak is. 'n *Padongeluk* is 'n padverkeer gebeurtenis wat ontstaan vanuit of veroorsaak is deur die bestuur van 'n *motorvoertuig* deur enige persoon op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika en wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

### 3. VERGOEDINGSKAAL

**3.1 Vergoeding vir *dood***
Die bedrag wat in die *Bylae* langs *jou* naam genoem word.



**3.2 Vergoeding vir *permanente ongeskiktheid***
'n Persentasie van die bedrag wat in die *Bylae* langs *jou* naam genoem word. Die persentasie wat van toepassing is, word in die onderstaande vergoedingskaal uiteengesit:

| Beskrywing van *permanente ongeskiktheid* | Persentasie |
|---|---|
| Verlies as gevolg van fisieke skeiding by of bokant die pols of enkel van een of meer ledemate | 100% |
| Verlies van vier vingers aan een hand | 70% |
| Verlies van duim | |
| - albei litte | 25% |
| - een lit | 10% |
| Verlies van vinger | |
| - drie litte | 10% |
| - twee litte | 8% |
| - een lit | 4% |
| Verlies van middelhandbene | |
| - eerste of tweede (bykomend) | 3% |
| - derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2% |
| Verlies van tone | |
| - almal van een voet | 30% |
| - groot (albei litte) | 15% |
| - groot (een lit) | 2% |
| - anders as groot, as meer as een toon verloor is, elk | 1% |
| Verlies van gehoor | |
| - albei ore | 80% |
| - een oor | 25% |
| Algehele en onherstelbare verlies van sig in een of albei oë | 100% |
| Verlies van | |
| - sig, behalwe vir die waarneming van lig | 75% |
| - lens van die oog | 75% |
| Algehele verlamming of as *jy* permanent bedlêend is | 100% |
| Algehele ongeskiktheid om ooit weer die beroep te beoefen of om die normale werk waarvoor *jy* opgelei is of kennis oor het, te doen | 100% |

Permanente algehele verlies van gebruik van 'n ledemaat word as die verlies van die ledemaat beskou.

As die vergoedingskaal nie vir 'n besondere *permanente ongeskiktheid* voorsiening maak nie, sal *ons* vergoeding oorweeg ten opsigte van die *permanente ongeskiktheid*, maar wat volgens *ons* mening nie teenstrydig met die bepalings van die vergoedingskaal is nie.

## OPSIONELE DEKKING



Ja. Dit ís 'n hospitaalteken.
En hierdie is versekering.
Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

Rus verseker

## OPSIONELE DEKKING (slegs as dit in die *Bylae* as ingesluit aangedui word)

As die opskrif hieronder in die *Bylae* verskyn, dek *ons jou* soos onder die opskrif aangedui word. As die opskrif nie verskyn nie, het *jy* nie die opsionele dekking nie.

### 1. *TYDELIKE ALGEHELE ONGESKIKTHEID*

*Ons* vergoed *jou* vir *tydelike algehele ongeskiktheid* veroorsaak deur *liggaamlike besering*. *Jou tydelike algehele ongeskiktheid* moet voortspruit uit 'n *ongeval* of *padongeluk* soos aangedui in die *Bylae* volgens *jou* keuse van basiese dekking.

*Ons* sal weeklikse vergoeding betaal, beperk tot die bedrag per week en die aantal weke wat in die *Bylae* genoem word, indien *ons* oortuig is dat *jy tydelik algeheel ongeskik* is.

*Ons* sal *jou* nie vergoed vir die eerste 7 dae vanaf die datum van die *ongeval* of *padongeluk* nie.

*Ons* sal nie voortgaan om weeklikse vergoeding te betaal, indien *ons* van mening is dat *jy* nie meer ly aan *tydelike algehele ongeskiktheid* nie.

### 2. HOSPITAALVOORDEELPLAN

*Ons* vergoed *jou* vir *hospitalisasie* weens 'n *ongeval* of *padongeluk* vir die waarde van die *daaglikse voordeel* wat in die *Bylae* genoem word. *Jou hospitalisasie* moet voortspruit uit 'n *ongeval* of *padongeluk* soos aangedui in die *Bylae* volgens *jou* keuse van basiese dekking.

*Ons* betaal die *daaglikse voordeel* vir elke tydperk van 24 uur ('n dag) wat *jy* in die hospitaal opgeneem is, beperk tot die aantal dae wat in die *Bylae* genoem word.

*Ons* sal *jou* nie vergoed vir die eerste 24 uur vanaf die datum van *hospitalisasie* nie.

As *jy* meer as een keer in die hospitaal opgeneem word weens dieselfde *ongeval* of *padongeluk*, sal dit as een *hospitalisasie* beskou word.

## BEPALINGS EN VOORWAARDES



Ja. Dit ís 'n helikopter.
En hierdie is versekering.
Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

santam
Rus verseker

## BEPALINGS EN VOORWAARDES

Dekking onder hierdie polis word verskaf onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes.

### 1. BASIS VAN HIERDIE POLIS

Hierdie polis, die *Bylae*, *ons* korrespondensie aan *jou*, *jou* aansoek om versekering en enige verklaring, skriftelik of mondeling, wat *jy* maak, of wat namens *jou* gemaak word, vorm die kontrak tussen *ons* en *jou*.

### 2. DEKKING WAT HIERDIE POLIS VERLEEN

**2.1** *Ons* sal dekking ingevolge hierdie polis verleen slegs as *ons jou* premie ingevolge bepalings en voorwaardes 4 ontvang het.

**2.2** 'n *Ongeval* of *padongeluk* word nie deur hierdie polis gedek nie as die versekerde bedrag of die vergoedingsperk in die *Bylae*:

- geen geldelike bedrag langsaan aandui of blanko gelaat is, of
- as nul aangedui word, of
- as "nie van toepassing nie" aangedui word.

### 3. TERMYN VAN HIERDIE POLIS

Die termyn van hierdie polis is aanvanklik die tydperk vanaf die begindatum van hierdie polis, soos in die *Bylae* aangedui, tot die laaste dag van die kalendermaand waarin die begindatum voorkom. Daarna is die termyn van hierdie polis een kalendermaand.

### 4. BETALING VAN PREMIE

*Jy* kan *jou* premie op een van hierdie drie maniere betaal:

- Maandeliks per debietorder
- Jaarliks per debietorder
- Jaarliks kontant.

**4.1 Maandelikse betaling per debietorder**
*Jy* moet *jou* premie elke maand aan die begin van die maand waarop dekking van toepassing is per debietorder betaal. *Ons* bied *jou* debietorder aan *jou* betaalagent op die datum wat in die *Bylae* genoem word.



As *ons jou* premie nie ontvang teen die datum wat in die *Bylae* genoem word nie:

4.1.1 omdat *jy jou* betaalagent opdrag gegee het om nie die debietorder te betaal nie, eindig alle dekking ingevolge hierdie polis op die laaste dag van die maand waarvoor *ons jou* premie ontvang het;

4.1.2 om 'n ander rede as wat in 4.1.1 genoem word, kan *ons jou* debietorder weer aanbied en dit saam met *jou* debietorder vir die volgende maand invorder. As slegs een debietorder betaal word, gebruik *ons* die geld om die oudste skuld te delg. *Jy* sal *ons* dus steeds die uitstaande premie skuld. As *ons* nie ten minste een debietorder kan vorder nie, eindig hierdie polis op die laaste dag van die maand waarvoor *ons jou* premie ontvang het.

**4.2 Jaarlikse betaling per debietorder**
*Jy* moet *jou* premie elke jaar aan die begin van die jaar waarop dekking van toepassing is per debietorder betaal. Die jaar hoef nie in Januarie te begin nie – dit kan in enige maand van die jaar begin. *Ons* bied *jou* debietorder aan *jou* betaalagent op die datum wat in die *Bylae* genoem word.

As *ons jou* premie nie ontvang teen die datum wat in die *Bylae* genoem word nie:

4.2.1 omdat *jy jou* betaalagent opdrag gegee het om nie die debietorder te betaal nie, eindig alle dekking ingevolge hierdie polis op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor *ons jou* premie ontvang het;

4.2.2 om 'n ander rede as wat in 4.2.1 genoem word, kan *ons jou* debietorder weer binne 30 dae na die eerste aanbieding aanbied. As *ons* nie hierdie debietorder kan vorder nie, eindig hierdie polis op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor *ons jou* premie ontvang het.

**4.3 Jaarlikse kontantbetaling**
As *jy* kies om *jou* premie jaarliks kontant te betaal, moet *jy* die geld teen die begindatum of *hernuwingsdatum* aan *ons* betaal. As *ons jou* premie nie binne 30 dae vanaf die begindatum of *hernuwingsdatum* ontvang nie, eindig die polis op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor *ons jou* premie ontvang het.

## 5. SORGSAAMHEIDSPLIG

*Jy* moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref en alle redelike sorg aan die dag lê om 'n *liggaamlike besering* te voorkom of te verminder.

## 6. WYSIGINGS

*Ons* mag wysigings aan die polis aanbring deur *jou* 30 dae skriftelike kennis daarvan by *jou* posadres soos in die *Bylae* aangedui, te gee.

## 7. KANSELLASIE

**7.1** *Jy* kan hierdie polis enige tyd kanselleer.

**7.2** *Ons* kan hierdie polis of gedeelte van die polis kanselleer deur 30 dae skriftelike kennis daarvan by *jou* posadres soos in die *Bylae* aangedui, te gee.

## 8. *JOU* REGTE

*Jy* (in hierdie paragraaf beteken dit die name wat in die *Bylae* verskyn) mag nie *jou* regte of verpligtinge aan 'n ander persoon oordra nie. Niemand anders mag 'n *eis* teen *ons* instel nie.

## 9. *EISE*

### 9.1 *Eise* prosedure

9.1.1 *Jy* moet *ons* so gou as moontlik laat weet van 'n gebeurtenis wat tot 'n *eis* kan lei en *ons* ook laat weet van 'n ander polis wat dieselfde gebeurtenis dek.

9.1.2 *Jy* moet binne 30 dae na die gebeurtenis volledige besonderhede daarvan aan *ons* verskaf, asook alle dokumente wat *ons* redelikerwys vereis.

9.1.3 *Jy* moet enige *liggaamlike besering* as gevolg van 'n *padongeluk* of as gevolg van 'n *ongeval* waarby 'n kriminele daad betrokke is, dadelik aan die polisie rapporteer.

### 9.2 *Ons* regte na 'n gebeurtenis wat tot 'n *eis* kan lei

9.2.1 *Jy* moet *ons* toelaat om die omstandighede waaronder *liggaamlike besering* opgedoen is, te ondersoek.

9.2.2 As enige ander persoon onder *jou* polis verseker is, kan *ons* enige vergoeding aan die ander persoon betaal.



### 9.3 Bedrieglike of opsetlike dade

*Jy* verloor alle reg om ingevolge hierdie polis te *eis* as:

9.3.1 'n *eis* bedrieglik is, of *jy* of enigiemand wat namens *jou* optree bedrieglike maniere gebruik om 'n voordeel ingevolge hierdie polis te verkry; of

9.3.2 'n *eis* ontstaan as gevolg van 'n doelbewuste, of voorbedagte, of opsetlike daad wat *jy* pleeg of waarby *jy* of iemand wat namens *jou* optree, betrokke is; of

9.3.3 inligting of dokumente in verband met 'n *eis*, hetsy deur *jou* of namens *jou* geskep, nie waar is nie, onvolledig is of bedrieglik is; of

9.3.4 die kwantum van 'n *eis* doelbewus deur *jou* of iemand wat namens *jou* optree, oordryf word.

### 9.4 Tydsbeperkings

9.4.1 As *ons* 'n *eis* skriftelik verwerp, of as *jy* die bedrag van 'n *eis* wat skriftelik gemaak is betwis, mag *jy* binne 180 dae na die datum van sodanige kommunikasie, skriftelike vertoë rig of regstappe teen *ons* instel.

9.4.2 *Ons* is nie aanspreeklik na 12 maande vanaf die datum van die gebeurtenis wat tot 'n *eis* lei nie, tensy die *eis* die onderwerp van 'n hangende hofgeding is.

### 9.5 Geen premie terugbetaling as enige *eis* geskik is nie

As *ons jou* vergoed vir 'n *eis* vir *liggaamlike besering*, sal *ons* geen premie vir die oorblywende tydperk van *jou* versekering terugbetaal nie.

## 10. INLIGTING WAT *JOU* RISIKO BEÏNVLOED

*Ons* kan die hele polis of 'n deel daarvan ongeldig verklaar as *jy*:

- nie al die besonderhede wat *jou* risiko beïnvloed aan *ons* gee nie; of
- besonderhede wat *jou* risiko beïnvloed, wanvoorstel of verkeerd beskryf.

*Jy* moet *ons* onmiddellik van enige verandering van *jou* risiko in kennis stel. Indien daar enige wesenlike verandering van *jou* risiko was, mag *ons* dekking en premies aanpas vanaf die datum van die wysiging.

As *jy ons* nie in kennis stel van enige wesenlike verandering van *jou* risiko nie, is *ons* geregtig om die polis nietig te verklaar of enige *eis* te weier wat na die verandering van *jou* risiko plaasgevind het.

In hierdie bepaling en voorwaarde sluit die term "*jy*" enige ander persoon in wat namens *jou* optree.

## 11. VERSEKERDE BEDRAE NA 'N *EIS*

Die versekerde bedrae wat onder basiese dekking in die *Bylae* genoem word, word met die bedrag van 'n *eis* vir *liggaamlike besering* verminder.

## 12. JURISDIKSIE EN GELDEENHEID

Hierdie polis is aan die jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika onderworpe en Suid-Afrikaanse reg is van toepassing. Alle vergoeding word in die Suid-Afrikaanse geldeenheid betaal.

## 13. DEEL VAN VERSEKERINGSINLIGTING EN *JOU* MAGTIGING AAN *ONS*

### 13.1 Deel van inligting

13.1.1 Om versekeringsbedrog te bekamp en risiko's behoorlik te kan bepaal en te evalueer, het die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAIA) 'n gesamentlike databasis geskep waar polishouers se versekeringsinligting gestoor word. *Ons* stoor *jou* inligting in die gesamentlike databasis om onderskrywingsinligting teen erkende regsbronne of databasisse te verifieer.

13.1.2 Omdat versekeringsbedrog 'n reuse invloed op die korttermynversekeringsbedryf het, is dit tot *jou* voordeel dat dit bekamp word. Dit beïnvloed hoe versekeraars risiko's evalueer en bepaal, en raak *jou* regstreeks omdat dit tot verhoogde premies lei. *Ons* is ernstig oor die bekamping van bedrog en die regverdige evaluering van risiko's, omdat *ons jou* premie so billik en mededingend moontlik wil hou.

### 13.2 *Jou* reg op privaatheid

*Jou* reg op privaatheid is 'n fundamentele reg wat in Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ingesluit is. Hierdie reg is egter in sommige gevalle beperk. Dit sluit omstandighede in waar partye wat die inligting bekend maak en die partye wat daarby betrokke is, 'n regsgeldige belang in daardie inligting het. Dit beteken dat *ons* ingevolge Suid-Afrikaanse reg inligting kan bekend maak of ontvang as *ons* van plan is om dit te gebruik om bedrog te bekamp en risiko's regverdig te onderskryf.



### 13.3 *Jou* magtiging aan *ons*

13.3.1 *Jy* erken dat inligting vir onderskrywings en eisedoeleindes in die openbare belang gedeel mag word sodat versekeraars polisse regverdig kan onderskryf, risiko's billik kan evalueer en die voorkoms van bedrieglike *eise* kan verminder. Dit help om premies so laag as moontlik te hou.

13.3.2 *Jy* doen namens jouself en 'n ander persoon wat *jy* verteenwoordig, afstand van julle reg op privaatheid van onderskrywings- en eise-inligting van 'n versekeringspolis of *eis* wat deur *jou* of namens *jou* ingestel word.

13.3.3 *Jy* gee toestemming dat hierdie tipe inligting in die gesamentlike databasis gestoor en gebruik mag word soos hierbo uiteengesit is.

13.3.4 *Jy* gee toestemming dat hierdie tipe inligting aan 'n versekeraar of sy agent gegee mag word.

13.3.5 *Jy* gee toestemming dat onderskrywingsinligting teen erkende regsbronne of databasisse geverifieer en met hulle gedeel mag word.

## 14. 'N PERSOON WIE NAMENS *JOU* OPTREE

*Jy* doen afstand van *jou* reg om vergoeding te ontvang as 'n persoon wie namens *jou* optree nie die bepalings en voorwaardes van hierdie polis vir die *eis* nakom nie.

## 15. WYSIGINGS OM AAN DIE REG TE VOLDOEN

*Ons* en *jy* kom ooreen dat bepalings of voorwaardes van hierdie polis wat teenstrydig met die reg is, gewysig sal word sodat daaraan voldoen word.

## 16. VERWYSING NA ENKELVOUD EN MEERVOUD

In hierdie polis sluit verwysings na die enkelvoud die meervoud in en verwysings na die meervoud die enkelvoud.

## 17. VERTOLKING

Die oorspronklike dokument is in Engels opgestel. As daar twyfel oor die vertolking van 'n woord, frase of deel van hierdie dokument bestaan, geniet die Engelse weergawe voorkeur.

## 18. MAKSIMUM VERGOEDING BETAALBAAR

*Ons* vergoeding is beperk tot die bedrag wat in die *Bylae* onder *Dood* en *Permanente ongeskiktheid* genoem word vir 'n enkele *eis* of 'n reeks *eise* wat ontstaan uit dieselfde *liggaamlike besering* wat *jy* tydens die termyn van die polis opdoen.

## 19. MEDIESE ONDERSOEKE

*Jy* moet enige mediese ondersoek wat *ons* vereis ondergaan. *Ons* sal die koste van sodanige mediese ondersoek betaal.

## 20. MEDIESE ADVIES

As *jy* 'n *liggaamlike besering* opdoen wat tot 'n *eis* kan lei, moet *jy* binne 'n redelike tyd mediese advies verkry en sodanige advies volg. As *jy* nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, het *ons* die reg om enige vergoeding wat die gevolg is van *jou* versuim om sodanige mediese advies te verkry en te volg, te weier.

## 21. VERGOEDING IN DIE GEVAL VAN *JOU* DOOD

As *jy* sterf weens *liggaamlike besering*, betaal *ons* die vergoeding aan *jou* boedel.

## 22. BEËINDIGING

**22.1 Dekking onder hierdie polis sal tot 'n einde kom as:**

22.1.1 *Jy* die ouderdom van 75 jaar bereik het; of

22.1.2 *Ons jou* die volle versekerde bedrag onder basiese dekking soos in die *Bylae* aangedui, betaal het.

**22.2 Hierdie polis sal tot 'n einde kom as:**

22.2.1 Die *versekerde* die ouderdom van 75 jaar bereik het; of

22.2.2 *Ons* die *versekerde* die volle versekerde bedrag onder basiese dekking soos in die *Bylae* aangedui, betaal het.

## 23. WIE GEDEK IS

Dekking onder hierdie polis is slegs van toepassing op:

**23.1** Suid-Afrikaanse burgers; en

**23.2** persone wie nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, maar wie vir minstens ses maande van elke kalenderjaar in die Republiek van Suid-Afrika woon.

# UITSONDERINGS



Ja. Dit ís ’n kruk.
En hierdie is versekering.
Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

## UITSONDERINGS

**1.** *Ons* betaal nie vergoeding vir *liggaamlike besering* nie as gevolg van:

**1.1** enige liggaamlike gebrek of swakheid wat by die aanvang van hierdie versekering bestaan het;

**1.2** selfmoord, poging tot selfmoord of opsetlike selfbesering of opsetlike blootstelling aan ooglopende risiko of besering;

**1.3** kranksinnigheid, neurose of stresverwante toestande;

**1.4** ongesteldheid of siekte van enige aard;

**1.5** swangerskap, kindergeboorte, miskraam, aborsie of enige nagevolge van hierdie aktiwiteite;

**1.6** *jou* deelname aan enige:

1.6.1 aktiwiteite van die weermag, polisiediens of korrektiewe dienste;
1.6.2 resies behalwe te voet of in 'n watervaartuig wat nie meganies aangedrewe word nie;
1.6.3 snelheidstoetse en spoedtoetse op enige plek;
1.6.4 lugvaart aktiwiteit, behalwe as 'n betalende passasier op 'n gelisensieerde passasiersvliegtuig;
1.6.5 mynbou bedrywighede;
1.6.6 vervaardiging of gebruik van plofstowwe;
1.6.7 opsetlike wangedrag;
1.6.8 professionele sport.

**2.** *Ons* betaal nie vergoeding nie vir *liggaamlike besering* opgedoen terwyl:

**2.1** *jy* 'n *motorvoertuig* op 'n resiesbaan, renbaan of toetsbaan as bestuurder of passassier gebruik;

**2.2** *jy* 'n *motorfiets* as ryer of passassier gebruik;

**2.3** *jy* onder die invloed van bedwelmende verdowingsmiddels of alkohol is;

**2.4** *jy* 'n *motorvoertuig* bestuur terwyl *jy* onder die invloed van bedwelmende verdowingsmiddels of alkohol is of *jou* bloed of asem alkohol-konsentrasie meer as die wettige perk is ten tye van die *ongeval* of *padongeluk;*

**2.5** *jy* 'n *motorvoertuig* gebruik sonder dat *jy* 'n *rybewys* het om die *motorvoertuig* te bestuur, ongeag waar dit bestuur word;

**2.6** *jy* nalaat om 'n sitplekgordel te dra terwyl *jy* bestuur of 'n passasier is ten tye van 'n *ongeval* of *padongeluk.*

**3.** *Ons* vergoed *jou* nie vir *liggaamlike besering* as *jy* ouer as 75 is wanneer die *ongeval* of *padongeluk* plaasvind nie.

**4.** *Ons* dek nie enige *liggaamlike besering* wat veroorsaak word deur of as gevolg van of in verband met enige van die volgende nie:



**4.1** Onluste, oorloë, politieke dade, openbare oproer, terrorisme of enige pogings tot sulke dade

**4.1.1** Burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of 'n daad of handeling wat daarop gemik of gerig is om enige van bogenoemde te veroorsaak;

**4.1.2** Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;

**4.1.3** Muitery, militêre opstand of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of 'n ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg, opstand, rebellie of revolusie bepaal;

**4.1.4** Enige optrede (ongeag of dit namens 'n organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop gemik of gerig is om 'n staat of regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

**4.1.5** Enige optrede wat daarop gemik of gerig is om verlies of skade te veroorsaak om 'n politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen 'n staat of regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of om vrees by die publiek of 'n deel daarvan in te boesem;

**4.1.6** Enige poging tot optrede waarna in klousule 4.1.4 of 4.1.5 hierbo verwys word;

**4.1.7** Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid om 'n gebeurtenis waarna in klousules 4.1.1 tot 4.1.6 hierbo verwys word, te beheer, te voorkom of te onderdruk, of om dit op 'n ander manier te hanteer;

**4.1.8** Enige daad van terrorisme. 'n Daad van terrorisme beteken die gebruik of dreigement van geweld vir politieke, geloofs-, persoonlike of ideologiese redes. Dit kan 'n daad insluit wat skade aan die menslike lewe berokken of nie. Dit kan gepleeg word deur 'n persoon of groep persone wat alleen, of namens, of saam met 'n organisasie of regering optree. Dit sluit enige daad in wat gepleeg word met die doel om 'n regering te beïnvloed of om vrees by die publiek te veroorsaak.

**4.2** Kernwapenmateriaal, ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit afkomstig van kernbrandstof of enige kernafval of weens die verbranding van kernbrandstof wat 'n selfonderhoudende kernsplytingsproses insluit.

# OMSKRYWINGS



Ja. Dit ís 'n ambulans.
En hierdie is versekering.
Eenvoudige, verstaanbare, deursigtige versekering.

santam
Rus verseker

## OMSKRYWINGS

Hierdie omskrywings geld vir die hele polis

***'afhanklike kind(ers)'***
beteken natuurlike, wettiglik aangenome en stiefkinders jonger as 21 jaar, wat finansieel afhanklik is van *jou* en by *jou* woon. Kinders wat voltydse studente is en van *jou* afhanklik is, is ingesluit tot die ouderdom van 25 jaar. *Jou* getroude kinders is nie ingesluit nie. *Jou* ongebore of doodgebore kinders is ook nie ingesluit nie.

***'Bylae'***
beteken die aanhangsel wat deel vorm van hierdie polis

***'daaglikse voordeel'***
beteken die bedrag wat langs *jou* naam in die *Bylae* genoem word. Hierdie bedrag is afsonderlik van toepassing op elke persoon as dekking uitgebrei word om "gesin" in te sluit.

***'dood'***
beteken as *jy* afsterf binne 12 agtereenvolgende maande vanaf die *liggaamlike besering*.

***'eis'***
beteken enige versoek om vergoeding ongeag of daar bedrae vir die eis vasgestel is of nie.

***'gade'***
beteken 'n persoon met wie *jy* wettiglik getroud is, of *jou* lewensmaat wat ingevolge die reg van die Republiek van Suid-Afrika so erken word.

***'gesinslede'***
beteken *jou gade* en *afhanklike kind(ers)*.

***'Gesins opsie'***
beteken die soort dekking wat *jy* gekies het en wat in die *Bylae* aangedui word. Die Gesins opsie is van toepassing op *jou*, *jou gade* en tot 3 (drie) van *jou afhanklike kinders* wie se name in die *Bylae* van hierdie polis genoem word.

***'hernuwingsdatum'***
beteken die eerste dag van 'n tydperk van 12 agtereenvolgende maande soos aangedui in die *Bylae*.



***'hospitalisasie'***
beteken:
i. onder omvattende dekking, wanneer *jy* 'n binnepasiënt is in enige hospitaal so erken ingevolge die wetgewing van die land waar *jy* gehospitaliseer is.
ii. onder *padongeluk* dekking, wanneer *jy* 'n binnepasiënt is in enige Suid-Afrikaanse hospitaal so erken ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing.

***'Individuele opsie'***
beteken die soort dekking wat *jy* gekies het en wat in die *Bylae* aangedui word. Die Individuele opsie is van toepassing op die persone wie se name in die *Bylae* van hierdie polis genoem word.

***'jy/jou/joune'***
beteken:
i. onder die *Individuele opsie* die persone wie se name in die *Bylae* genoem word onder die opskrif "versekerde persone".
ii. onder die *Gesins opsie*; die *versekerde* en die *gesinslede* wat in die *Bylae* genoem word onder die opskrif "versekerde persone".

***'liggaamlike besering'***
beteken herkenbare, fisiese besering as gevolg van 'n gewelddadige, toevallige, eksterne en sigbare oorsaak veroorsaak deur 'n *ongeval* of *padongeluk* ooreenkomstig *jou* dekkingsopsie wat in die *Bylae* genoem word.

***'motorfiets'***
beteken enige voertuig met twee, drie of vier wiele, wat gestuur word deur middel van 'n stuurstang en waarvan *jy* die bestuurder of passasier is.

***'motorvoertuig'***
beteken enige selfgedrewe voertuig wat sodanig gelisensieer en geregistreer is in terme van Suid-Afrikaanse reg, en ook:
i. sleepwaens; en
ii. voertuie met pedale en 'n enjin of elektriese motor, wat ontwerp is om aangedryf te word deur middel van sodanige pedale, enjin of motor, maar nie gemotoriseerde rystoele nie.

***'ongeval/ongevalle'***
beteken 'n spesifieke, herkenbare, onverwagte en onbedoelde gebeurtenis wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

*‘ons’*
beteken Santam Beperk.

*‘padongeluk’*
beteken ’n padverkeer gebeurtenis wat ontstaan vanuit of veroorsaak is deur die bestuur van ’n *motorvoertuig* deur enige persoon op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika en wat die direkte oorsaak van *liggaamlike besering* is.

*‘permanente ongeskiktheid’*
beteken permanente ongeskiktheid soos beskryf in die vergoedingskaal en wat binne 12 agtereenvolgende maande na die *liggaamlike besering* ontstaan.

*‘rybewys’*
beteken ’n geldige rybewys ooreenkomstig die wetgewing van toepassing in die betrokke gebied waar die voertuig ten tye van die *ongeval* of *padongeluk* gebruik word. As ’n persoon leer bestuur, moet die persoon aan die wetgewing ten opsigte van leerlingbestuurders voldoen.

*“tydelike algehele ongeskiktheid’*
beteken totale en volledige onbevoegdheid om *jou* gebruiklike beroep, of enige ander beroep waarvoor *jy* geskik is deur kennis of opleiding, te beoefen as gevolg van *liggaamlike besering* veroorsaak deur ’n *ongeval* of *padongeluk*.

*‘versekerde’*
beteken die Versekerde persoon as “Versekerde” genoem langs die opskrif “Verwantskap” in die *Bylae*.